Dalpark NG Kerk

Gevestig in Jesus: Sy volmaakte karakter & sy voltooide werk!

H/V Boekenhout- en Magnoliastr, Brakpan (Koördinate: S26°15.174' E028°19.670')
Posbus 3061, Dalview, 1544, Tel: 011 915 1858, Faks: 011 915 30 47
E-pos: ngdalpark@gmail.com , Webtuiste: www.dalpark.co.za

Die volgende is reëlings in verband met huwelike – ongeag of die bevestiging by die kerk plaasvind of nie.

Vooraf reëlings

1. U moet so vinnig as moontlik u beoogde troudatum by die betrokke leraar bespreek.
2. Woon huweliksgesprekke by soos gereël met die leraar.
3. Vul die onderstaande vorm in vir kantoorgebruik en handig dit asb by die leraar in tydens u voorhuwelikse gesprek met hom. Dit is belangrik dat die kerk se databasis op hoogte gehou word van veranderinge soos 'n van en adres wat verander
4. Indien u die kerk wil gebruik moet u dit so spoedig moontlik bespreek – maar nie later drie maande voor u beoogde troudatum nie. Die bespreking moet by die kerkkantoor asook by die koster geplaas word.
5. Alle reëlings oor blommerangskikkings, versierings, kerse, musiek /orrelbegeleiding moet vooraf met die koster gereël word.
6. U is welkom om van strooisels gebruik te maak, maar ongelukkig kan ons nie "confetti" op ons gronde toelaat nie.
7. Indien u die seremonie wil inoefen, moet daar met die koster gereël word vir 'n geskikte datum.
8. Vanweë die leraars se programme, is hulle ongelukkig nie beskikbaar vir inoefening nie.
9. Indien u die kerk gaan gebruik vir u huweliksbevestiging, moet die deposito betaal word om die bespreking te verseker.
10. U is self verantwoordelik om die orreliste en klankbordoperateur te bevestig en te vergoed.
11. Alle uitstaande bedrae geld moet 'n maand voor die tyd by die kerkkantoor inbetaal word.
12. Alle betalings moet in kontant by die kerkkantoor gedoen word (Verkieslik nie elektronies nie, want d*it maak die hantering van deposito's makliker)*
13. Deposito's word die Maandag na die troue weer terugbetaal indien daar geen skade is nie.

Finansies

Koste van 'n huweliksbevestiging vir	**-**	**Lidmate**	**Nie-lidmate**
1. Deposito vir die gebruik van die kerk (saal uitgesluit)		R200	R500
2. Kostes vir die gebruik van die kerk (saal uitgesluit)		R0.00	R250
3. Koster		R250	R250
4. Leraar		R400	R500
5. Koste vir klankbordoperateur **indien beskikbaar**		R250	R250
6. Koste vir orreliste **indien beskikbaar**		R250	R250
	Totaal	R _____	R_____

Huweliksbevestiging by 'n ander plek as by die kerk

Die leraarskoste indien troue by 'n ander plek plaasvind:

vir 'n lidmaat R400.00 + reiskoste van R2.50 per km.
vir 'n nie lidmaat R500.00 + reiskoste van R2.50 per km.

Betalings word by die kerkkantoor gedoen.

Kontaknommers:

Koster: Mike Panayotou **0723391754** **Orreliste**: Diane Samuel **0834819908**
Klankbordoperateurs: Barry Van Wyk **0847016591**
Johan Van Tonder **0782848481**
Adam Barnard **0844777888**

Dalpark NG Kerk

Gevestig in Jesus: Sy volmaakte karakter & sy voltooide werk!

H/V Boekenhout- en Magnoliastr, Brakpan (Koördinate: S26°15.174' E028°19.670')
Posbus 3061, Dalview, 1544, Tel: 011 915 1858, Faks: 011 915 30 47
E-pos: ngdalpark@gmail.com , Webtuiste: www.dalpark.co.za

Opdatering van persoonlike inligting:

Man:

Volle name: .....
Van: .....
Noemnaam: .....
ID nommer: .....
Werk tel: .....
Selnommer: .....
Tans 'n gemeentelid by Dalpark? (Ja / Nee) .....
Indien nie, wil u lidmaat word? .....

Vrou:

Volle name: .....
Nooiensvan: .....
Wettige huidige van: .....
Noemnaam: .....
ID nommer: .....
Werk tel: .....
Selnommer: .....
Wettige van na huwelik: .....
Tans 'n gemeentelid by Dalpark? (Ja / Nee) .....
Indien nie, wil u lidmaat word? .....

Datum van troudag: .....
Plek van bevestiging: .....
Tyd van bevestiging: .....
Leraar: .....

Permanente woonadres na huweliksbevestiging:

.....
.....

Permanente posadres na huweliksbevestiging:

.....
.....

Handtekening: ..... **Datum:** .....

Dalpark NG Kerk

Gevestig in Jesus: Sy volmaakte karakter & sy voltooide werk!

H/V Boekenhout- en Magnoliastr, Brakpan (Koördinate: S26°15.174' E028°19.670')
Posbus 3061, Dalview, 1544, Tel: 011 915 1858, Faks: 011 915 30 47
E-pos: ngdalpark@gmail.com , Webtuiste: www.dalpark.co.za

Wetlike vereistes vir die voltrekking van 'n huwelik.

Alvorens 'n leraar 'n huwelik kan bevestig, vereis die wet dat sekere informasie en dokumentasie by die leraar ingedien moet word. Die leraar moet dit dan tydens registrasie by binnelandse sake inhandig. U word dus versoek om asseblief die volgende items by die leraar in te dien tydens die huweliksgesprek:

- 'n Afskrif van beide partye se ID dokumente (dit hoef nie gewaarmerk te wees nie).
- Drie ID-fotos van die man en vrou afsonderlik (normale formaat van ID-fotos in swart en wit of gekleurd).
- Indien enige van die partye al voorheen in 'n huwelik was, moet 'n doodsertifikaat of egskeidingsbevel waarop die hofnaam en datum verskyn, ingehandig word.
- Bewys van huwelikskontrak ('n dekbrief van 'n prokureur is in orde).
- Afskrifte van die twee getuies se ID dokumente ('n getuie is 'n vriend of familielid van die party. Die getuies moet verteenwoordigend van die partye wees. Die getuies mag met ander woorde nie die bruidegom se twee beste vriende wees nie. Een getuie is verteenwoordigend van die bruid en een van die bruidegom).

Indien daar onsekerheid bestaan oor wat presies benodig word, moet u asseblief die leraar weer tydens die huweliksgesprek vra. Alle benodighede moet egter die leraar bereik voor die beoogde datum van huweliksbevestiging. Die leraar sal dan toesien dat registrering by binnelandse sake kan plaasvind.